# Hey!Brokkies
# Nuus Apr 2011

**1.Stories waar Hey! kon uitreik en groei danksy getroue donateurs!**

- Die **prefekte en hoofleiers** by **Lawrencia laer** kon elk 'n spoggerige **balkie** kry wat ons laat maak het en dis tydens 'n seremonie op 18 April aan hulle oorhandig. Die opgewondenheid was tasbaar en die alle leerders mik nou hoog soos hul leuse! Ons wil die Evangelie bring maar ook sensitief wees om ander behoeftes (of dalk begeerte soos hier!) te help bevredig waar ons bedien. Donasies stel ons in staat om dit te kon doen, baie dankie!



Die skoolhoof oorhandig die hoofseun se balkie




- **Vanessa** was baie verras en dankbaar om 'n **"laptop"** te kry wat haar in staat sal stel om al die leerders by Lawrencia te bedien en meer effektief haar werk te kan doen. Dankie donateurs julle maak ons groei en meer effektiewe bediening hier moontlik en bereik +- 500 kinders en hul gesinne!

**2. Ons is dankbaar vir suksesvolle Bybelskole en H4K kliniek in April**

Die 2 **Bybelskole** deur Chris Bester en Belinda (Sir Lowry's Pas) was wonderlik en baie kinders het 'n keuse vir Jesus gemaak. Bid asb vir hul groei! Van 11 tot 15 Apr het Carole, Ayanda, Lise, Claudia, Matthew, Elzette en Dorian **Hope 4 Kids opleiding** ontvang in Somerset-Wes en gaan die gr4 Engelse klasse aanbied by Beaumont laerskool. Ons is sommer baie opgewonde oor julle! Dankie aan Louise en NG Helderberg vir die kliniek fasiliteit,ons het dit baie geniet by julle!




**4. Beaumont, De Hoop, Somerset-Wes en Lawrencia laerskole,Hebron, Pêrel projek se kinders** Daar is sowat 1000 kinders wat op weeklikse basis deur ons bedien word en sonder **vrywilligers** soos Ursula, Liz-Mari, Henriette, Michelle, Marjorie sal dit nie moontlik wees nie. Hulle het almal diep in die harte van die kinders ingeklim. Dankie julle hou ons hande hoog! Die week voor Paasvakansie het ons stilgestaan by waar **Paasfees** vandaan kom en uit Eks12 en Matt 26 gelees en ook druiwesap en brood geniet soos Jesus met sy dissipels gedoen het voor Hy gekruisig is.Almal het dit geniet!

**5. Bid asb.saam vir die volgende: 1.**Van **5 tot 8 Mei Kinder EEIII kliniek** in Benoni wat Belinda waarneem. **2.**Bid asseblief vir elkeen betrokke by Hey! vir **wysheid en leiding van die Heilige Gees** vir elke aanbieding waar hulle betrokke is.

**Dankie vir jou gebede, liefde en omgee! Celeste Steinmann**